Art. vir Opvoeding en Kultuur. Afgedruk 30/9/80. H.B.Th.

DIE ADVISERENDE RAAD OP UNIVERSITEITE: SY DILEMMA EN SY STREWE

Deur Prof. H.B. Thom,
Voorsitter, ARU

191.A.1 (1)

Op 'n kongres van historici in Londen enige jare gelede het 'n spreker o.a. gesê: "The changes that are the most significant are often those that are the least conspicuous to the eye of the day. In England the club, of the cave as an instrument of government was supplanted by Westminster, and nobody personally noticed the change".

Dit mag sinies klink, maar daar steek waarheid in: dit is baie keer dié dinge wat nie bewustelik met die groot klok aangekondig word nie, maar geleidelik oor 'n lang tyd deurgedra word, wat ten slotte wesenlike verandering bring. Ons sien dit in groot prosesse van die geskiedenis; ons sien dit eweneens in dinge van ons alledaagse lewe. Ons het rede om dit ook van die ARU te sê.

Dit was die bekende Van Wyk de Vries-Kommissie wat ná 'n deeglike ondersoek tot die bevinding gekom het: "Dit is noodsaaklik dat daar in verband met die verhouding - staat en universiteit - 'n sterk, onafhanklike liggaam moet bestaan wat beskik oor gespesialiseerde deskundigheid oor die universiteit en die universiteitswese, benewens 'n ervare beskouing oor die universiteit in sy verband met die gemeenskap, maatskappy en staat, wat 'n brug kan vorm waaroor die funksies wat die staat en die universiteit ten opsigte van mekaar het, in ewewig met mekaar gebring kan word."

In die lig hiervan was dit dan ook maar net logies dat die Kommissie die aanbeveling gemaak het dat die uitgediende Adviserende Universiteitskomitee omgeskep word tot die Adviserende Raad op Universiteite.

Die Raad is beklee met die bevoegdheid om die Minister van Nasionale Opvoeding van advies te dien in verband met sake rakende blanke universiteite, d.w.s. sowel op versoek van die Minister as op eie inisiatief. In terme van hierdie opdrag is die ARU nou al verskeie jare lank aktief met sy taak besig; maar soos dit by 'n adviesliggaam hoort, geskied dit nie met trompetgeskal nie.

Ofskoon dit nie hier die plek is om oor die werk van die ARU uit te wei nie, is dit gewens om enkele punte te vermeld.

Universiteite is geroepe om op 'n verskeidenheid van terreine gespesialiseerde mannekrag vir die land te lewer, en dit is die plig van die ARU om die Minister oor die betreffende opleiding te adviseer. Universiteite wy ernstige studie aan die behoeftes van die land - iets wat veral onder die snel veranderende omstandighede van ons tyd noodsaaklik is - en daarom moet hulle hulle voortdurend rekenskap gee van die werk wat hulle doen, en veral van die wenslikheid om nuwe kursusse en grade in te stel. Voorstelle in hierdie verband word onophoudelik voorgelê aan die ARU wat in elke geval die nodige advies aan die Minister deurstuur.

Maar die ARU sal sy plig nie na behore kan verrig as hy nie self 'n diepgaande studie van ons land se mannekragbehoeftes maak nie. Hy moet hom immers vergewis dat voorstelle wat van universiteite kom, uit die oogpunt van ons nasionale belange die gewenste vrugte sal dra; en dat daar op sekere gebiede nie teveel gekwalifiseerdes gelewer sal word, terwyl op ander gebiede tekorte bestaan nie.

Dit is om hierdie rede dat die ARU soveel waarde heg aan die mannekragstudies wat in ons land gedoen word, en dat hy ook, onder die leiding van sy hoofamptenare, self 'n omvattende ondersoek van stapel gestuur het, spesifiek met die oog op die taak van die universiteite.

Die plig van die ARU is ook veral daarin geleë dat hy hom moet vergewis dat die universiteite redelikerwyse van die fondse voorsien is om hul taak op doeltreffende manier uit te voer. Dit geskied natuurlik nie willekeurig nie, maar vir lopende uitgawes ooreenkomstig die subsiedieformule, en vir kapitale doeleindes ooreenkomstig

die stelsel van leningsmagtiging. Dit gaan egter nie net daarom dat universiteite oor die fondse sal beskik nie; die ARU is andersyds geroepe om sorg te dra dat staatsfondse deur universiteite in ooreenstemming met die bedoelinge van die Wetgewer gebruik word.

Dit sal opgelet word dat die ARU enersyds die plig het om universiteite by te staan; en andersyds weer die plig om hul aansoeke krities te ondersoek, en toe te sien dat hulle hul fondse binne voorgeskrewe perke aanwend. Hierdeur word die Raad soms in 'n dilemma geplaas; immers, dis maar menslik dat 'n man nie altyd van jou hou as jy hom teengaan nie, al is dit ook so dat jy hom andersins behulpsaam is.

Die dilemma ontstaan soms ook vanweë versoeke - miskien baie verdienstelike versoeke - van universiteite. Dit gebeur bv. dat meer as een universiteit 'n bepaalde fakulteit wil hê; maar omrede van groot koste daaraan verbonde, sal die Staat miskien slegs by één universiteit so 'n fakulteit goedkeur. Dan word dit noodgedwonge die taak, die onaangename taak, van die ARU om die Minister te adviseer by watter universiteit dit moet kom.

Dit lê voor die hand dat die ARU steeds met groot opregtheid en objektiwiteit moet optree; sy bona fides mag nie in twyfel getrek word nie. Hy kan alleen sukses hê as hy op 'n grondslag van openhartigheid en wedersydse begrip met die universiteite saamwerk. In die proses moet hy in hoë mate die hulp kry van die verteenwoordigende spreekbuis van die universiteite, nl. die Komitee van Universiteitshoofde, waarin universiteite deur hulle rektore verteenwoordig word.

Ek verheug my daaroor dat die ARU en die KUH mekaar van die begin af op uitnemende wyse gevind het. In sake wat vir meer as een universiteit van belang is - laat staan nog wanneer ál die universiteite geraak word - het dit by die ARU gewone gebruik geword om die KUH te raadpleeg voordat 'n aanbeveling by die Minister gemaak word; en die KUH het weer van sy kant nie in gebreke gebly om die ARU van uitvoerige, relevante memoranda te voorsien nie.

Die ARU sal hom steeds bewus bly van sy funksie as statutêre adviesliggaam vir die Minister; hy sal hom nie die rol van waghond of tugmeester op die universiteite aanmatig nie. Hy sal steeds maar net sy opregte begeerte nastrewe, t.w. om op onverskrokke wyse 'n positiewe bydrae tot die gesonde ontwikkeling van ons universiteitswese te probeer maak.

Stellenbosch

30 September 1980